Kareeberg Munisipaliteit / Municipality (Carnarvon, Vanwyksvlei, Vosburg)

## 06/2020 KWOTASIES: - VERHUUR VAN MEENTGRONDE - VANWYKSVLEI

Skriftelike kwotasies word hiermee ingewag van **individue** vir die verhuur vir 'n tydperk van vyf (5) jaar van die volgende ses (6) groepe kampe:

| Groep | kamp | Grootte | drakrag | KVE |
|---|---|---|---|---|
| 1. | k9, k10, k11 (3) | 1 416ha | 150 ooie | 142 |
| 2. | k6, k16, k17 (3) | 2 654ha | 270 ooie | 265 |
| 3. | k14 (1) | 939ha | 100 ooie | 94 |
| 4. | k1, k2, k3 (3) | 1 933ha | 200 ooie | 193 |
| 5. | k4, k5, k15 (3) | 1 498ha | 150 ooie | 150 |
| 6. | k12, k15 (2) | 250ha | 25 ooie | - |

**Voornemende kwoteerders se aandag word op die volgende belangrike spesifieke kriteria gevestig, naamlik**

- Kwotasies sal verwerp word indien kwoteerders enige gelde langer as drie (3) maande aan die munisipaliteit verskuldig is. (heg rekening aan)
- Kwotasies sal voorts ook verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belangevorm MDB 4 en MDB 9 nie volledig voltooi is nie. Vorms beskikbaar op munisipaliteit se webtuiste: www.kareeberg.co.za
- Staatsamptenare of munisipale amptenare , asook Raadslede mag nie kwoteer nie volgens die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.
- geen "fronting" of onderverhuring word toegelaat nie
- die kwotasie moet die prys (huurgeld) per jaar aandui.
- gekwoteerde pryse moet BTW uitsluit, waarna BTW van 15% gehef sal word op die gekwoteerde prys.
- huur is halfjaarliks vooruitbetaalbaar, plus BTW van 15%

**Kriteria volgens Meentbeleid wat nagekom moet word**:

- bewys van vee besit of sal besit wanneer geplaas word
- getal vee wat tans besit word
- slegs permanente inwoners binne munisipale gebied van Kareeberg Munisipaliteit mag kwoteer.
- naam verstrek van 'n kommersiële boer wat as mentor gaan dien.
- verstrek u inkomste belastingnommer, indien van toepassing
- bewys van registrasie van tatoeërmerk

**Verdere belangrike inligting**

- huurkontrak en meentbeleid is ter insae by munisipale kantore
- meentbeleid is ook op die munisipaliteit se webtuiste, www.kareeberg.co.za beskikbaar.
- dit is die verantwoordelikheid van die kwoteerder om hom/haar te vergewis van die inhoud van genoemde dokumente.

Verseëlde kwotasies gemerk **"KWOTASIE: VERHUUR VAN MEENTGRONDE"** moet die ondergetekende voor of op **Vrydag, 28 Februarie 2020** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

Enige besware teen die voorgestelde verhurings kan voor of op **28 Februarie 2020** skriftelik ingedien word by ondergetekende.

**MNR. M F MANUEL**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel.  053-3823012

7 Februarie 2020

L8.2.1
Kennisgewingbord
Noordwester  7 Februarie 2020
Webtuiste:  www.kareeberg.co.za